Slypskole

Hier is 'n voorbeeld van die brief wat aan skoolhoofde gestuur word.

Geagte Skoolhoof en Vakhoof: Afrikaans

Van Storielees tot Dramaskryf – 'n opwindende slypskool

Die Vriende van Afrikaans, die Taalsentrum van die Universiteit van Stellenbosch en die Woordfees nooi graag die **GRAAD 7-LEERDERS** in u skool uit na hierdie slypskool op **Saterdag 8 Maart**. Dit word as deel van die WOW-projek (Woorde open Wêrelde) van die Woordfees aangebied word. Dit word gehou by die HMS Bloemhof in Stellenbosch en duur van **9:00 tot 17:00**. 'n Ligte middagete word verskaf.

Vier kreatiewe mense van die *Eenheid vir Afrikaans* deel die groeiende kommer van ouers en onderwysers oor leerders se gebrek aan leesbelangstelling. Hierdie dinamiese fasiliteerders het egter die afgelope twee jaar die teendeel bewys: leerders kán strategiese lesers wees wat in ingedeelde groepe die vertelgapings in 'n kortverhaalteks kreatief invul met behulp van teksleidrade. Nadat hulle die ingevulde teksgapings in die formaat van 'n dramateks herskryf het, "speel" elke groep dit "uit" in die skoolsaal voor die ander groepe, belangstellende ouers en maats.

Tydens die portuurgroep-assessering na elke "opvoering" lewer die groepe volgens sekere kriteria kritiese kommentaar oor mekaar se interpretasies van die storie. Selfs funksionele woordkeuse, liggaamstaal en gesigsuitdrukkings van karakters word krities bekyk.

Die onderliggende opvoedkundige doel van hierdie slypskool is die ontwikkeling van lewensvaardighede soos probleemoplossing, besluitneming, groepsamewerking en veral die verantwoordelike motivering van eie opinies. Bowenal kry die leerders 'n unieke kans om tydelik vanuit 'n storiekarakter se perspektief hierdie vaardighede te oefen.

Ons nooi veral ook u TAALONDERWYSERS uit om die slypskool by te woon!!

Hulle sal 'n handleiding ontvang wat die teorie agter die praktyk verduidelik en ook stimulus-materiaal bevat. Dis voorwaar 'n unieke geleentheid om te sien hoe leerders spelenderwys die avontuur van lees met hul denke, emosies, sintuie én intuïsie ervaar.

Kan ons u vra om asseblief meegaande inskrywingsvorms so gou as moontlik aan u onderwysers/leerders besorg, want slegs die **EERSTE 36 LEERDERS** word geakkommodeer – al kom hulle almal van u skool!

Moenie hierdie geleentheid misloop wat 'n gesamentlike projek van die Vriende van Afrikaans, die Taalsentrum (US), die HMS Bloemhof en die Woordfees (US) is nie!

Skakel my gerus vir verdere inligting.